CVO GROMAR LANDBOU AKADEMIE

Posbus 888 * Groblersdal * 0470
Tel. no.: (013) 262 5419/5334
Finansies e-pos: finansies@gromar.co.za
Admin e-pos: admin@gromar.co.za

Omsendbrief 21 22 Junie 2021

Geagte Ouers

Ontvang hiermee die laaste omsendbrief vir die tweede kwartaal.

1. **VOLKSHULP**:

Ons wil van hierdie geleentheid gebruik maak om elke ouer hartlik te bedank vir al die bydraes wat ons ontvang het vir Volkshulp. Die oorhandiging vind Woensdag, 23 Junie 2021 tydens ons afsluiting plaas.

2. **SKOOLFONDS**:

Vir alle betalings in die skoolrekening moet u altyd u familiekode gebruik en presies uiteensit waarvoor die betaling is.

Die einde van die maand val weer gedurende die skoolvakansie en ons vra dat alle skoolfonds asseblief op datum betaal sal word sodat die personeel hul salarisse kan ontvang.

3. **ONWELKOME GASTE**:

Dit het onder ons aandag gekom dat "onwelkome gaste" op sommige van ons leerlinge se koppe opgemerk is. Ons doen 'n beroep op u om u kind/ers se koppe na te gaan gedurende die vakansie en indien nodig, behandeling toe te pas.

Die volgende produkte word aanbeveel:

3.1 Daar is 'n "Controlice" luiskam of die Tawwe Tienie Controlice Liecebuster-kam (vir langer hare) om die aanwending te vergemaklik en te versnel.

3.2 Mega Anti Lice Shampoo. Kontaknommers is 073 931 1123 en 082 491 8941.

3.3 1 Spuit botteltjie "Hair Placenta" – enige soort, te koop by die meeste winkels. Dit word gebruik as die basis en laat sommer die hare blink en stimuleer groei.

3.4 "Tea Tree" olie – gooi 5 druppels per 100ml placenta in. Skud goed. Spuit elke oggend voor skool so 'n paar vinnige spuite op die kop. (Veral die haarlyn agter in die nek) Meng so 10 druppels Tea Tree olie en 5 druppels Eucalyptus olie by gewone sjampoo en was elke aand daarmee.

Alle beddegoed, bekleedsels en klere moet deeglik, ten minste 2 maal per week, gewas en gestryk word. Tuimeldroog dit dan op 'n baie warm temperatuur.

4. **KULTUUR**:

BEELDENDE KUNS: Sluit in: Skone kuns, Vlyte, Beeldhouwerk, Gemengde media en Fotografie.

Temas vir 2021:

		Bygewerk vir 2021
Kleredrag uit die Bybel	Duine	Maskers
My passie	Ruimte	Helde
Troeteldiere	Selfportret	Lekkergoedland
Antieke stad	Vetplante	Plaaslewe

- Inskrywings kan in alle ouderdomsgroepe of grade gedoen word. Meer as een inskrywing per kategorie is toelaatbaar.
- Elke stuk moet die oorspronklike, eie werk van die leerling wees. 'n Eerlikheidsverklaring word in die verband geteken op die inskrywingsvorm deur die leerling en ouer/onderwyser.
- Leerlinge mag slegs **5 items** inskryf wat 'n maksimum van **twee** fotografie inskrywings insluit.
- Geen geraamde of glasgemonteerde foto's en kunswerke sal in die toekoms aanvaar word nie.
- Geen stukke word aanvaar indien dit nie is volgens voorgeskrewe groottes nie.
- 2D stukke nie groter as A2 (420x594mm) of kleiner as A5 (148x210mm).
- 3D stukke maksimum 500x500x500mm.

Stukke groter of kleiner as aangewese grootte mag nie gestuur word nie.

Fooie vir Beeldende kuns + Fotografie:

Inskrywing (R60-00) + Registrasie (R10-00)

Alle Beeldende Kuns inskrywings en kunsstukke moet Maandag, 12 Julie 2021 by mev Thea Grobler ingehandig word.

LITERÊRE WERKE:

Literêre werke moet Maandag, 12 Julie 2021 by mev Thea Grobler ingehandig word. Alle stukke moet in leerder se eie handskrif wees.

Fooie vir Literêre werke:

Inskrywing (R60-00) + Registrasie (R10-00)

Die Kultuurfees en Redenaars wat hierdie jaar sou plaasvind is gekanselleer deur die Kultuurraad.

5. **COVID 19**:

Aangesien ons nie weet of die inperkingstyd weer ingestel gaan word of nie, vra ons dat al die leerlinge hulle boeke wat by die skool is, huis toe moet neem sodat daar tuis gewerk kan word indien die Minister van Onderwys ‘n aankondiging sou maak.

Indien dit nodig sou wees sal die personeel weer van Google Classroom gebruik maak om werk deur te gee.

6. **GROMAR SE EIE MOULOSE TRUI**:

Bylaag A hierby aangeheg met voorbeelde van Gromar se eie moulose trui wat vanaf einde Augustus by Gelico beskikbaar sal wees. Die trui is regtig van goeie gehalte.

7. **WINTERSKOOL**:

Sterkte vir ons Graad 12 leerlinge wat ‘n Winterskool moet bywoon gedurende volgende week. Gebruik die tyd nuttig en julle sal die vrugte daarvan pluk. Baie dankie vir elke vak juffrou wat ons Graad 12 leerlinge gaan help gedurende volgende week. Dit word opreg waardeer.

8. **BAIE DANKIE**:

Ek wil van die geleentheid gebruik maak om elke ouer asook elke personeellid van ons skool hartlik te bedank vir al u harde werk en baie opofferinge. Ons waardeer dit opreg.

Baie dankie vir al die skenkings wat gegee is. Sonder u hulp sou ons nie soveel kon vermag het by ons skool nie. Baie dankie aan elkeen van u, ongeag waarmee u gehelp het. Dit word opreg waardeer. Ons vertrou dat u die kort vakansie sal geniet.

Laaste maar nie die minste:

Ons ontvang elke dag baie seën van ons Hemelse Vader en daarom kan ons nie anders as om Hom te loof en te prys vir al die genade nie. Alle eer aan Hom.

. In die tussentyd geniet julle gesinstyd tuis en bly asseblief veilig. Ons sal u op hoogte hou van enige verdere verwikkelinge rondom ons skool.

Voltooi asseblief onderstaande skeurstrokie en stuur so gou moontlik terug skool toe.

GEDAGTE:

“Oudword is soos ‘n vliegtuigrit in ‘n storm. As jy eenmaal aan boord is, kan jy nie uitklim nie!” *Golda Meir*

Gromar groete

MNR. G.J. SWART
SKOOLHOOF

✂----------

Ek _____ ouer/voog van _____ in Graad _____ neem kennis van Omsendbrief 21/2021.

BYLAAG A

EINDE AUGUSTUS
BESKIKBAAR BY GELICO:

GROMAR SE EIE MOULOSE TRUI

Pryse:

24-28: R220

30-34: R230

36-38: R245

40+: R260